**17 Mei** **Skrifgedeelte: Handelinge 7:44-53**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:51**

**Die lewende God werk lewewekkend – enduit! (3)**

Wie bly getuig van God, van sy troue verlossingswerk dwarsdeur die geskiedenis, sy/haar posisie verander mettertyd van *aangeklaagde* na *aanklaer*! Stefanus, wat daarvan aangekla is dat hy hom onder andere teen die “heilige tempel” (wat vir die Joodse Raad ’n sensitiewe saak was) uitgespreek het, gaan voort met sy getuienis, nou oor die tempel. Luister waarop laat hy weereens die klem val – op “God, die Allerhoogste”! Hoewel God Salomo toegelaat het om vir Hom ’n tempel in Jerusalem te bou, het selfs dié luisterryke koning van Israel al geweet dat God oneindig groter en heiliger is as wat deur ‘n gebou van klip en sand ooit weerspieël of omvat kan word (2 Kron 6:18). God woon nie in ’n aardse woonplek nie!

Hy het wel in Jesus Christus onder ons kom woon (“tent opgeslaan”) (Joh1:14). Dáárdie tempel is inderdaad afgebreek en in drie dae weer opgerig, toe Jesus gesterf en drie dae later opgestaan het. Daarmee is God se lewensplan vir ons voltrek! Dit is vir Hóm, die Regverdige self, wat die Joodse Raad verwerp en doodgemaak het. Hulle optrede was nog erger as dié van hulle voorvaders! Hiermee plaas Stefanus húlle in die beskuldigdebank, as aangeklaagdes, want hulle is doof vir die Woord van God!

Mag ek en jy daarvan bewaar word om ons godsdiens te laat opgaan in “geboue” en tradisies, sonder om by die lewende God uit te kom. Wie op Hom bly konsentreer, staan aan die wenkant – aan die kant van die onskuldiges, die *vrygespreektes*!

*Sing: Psalm 33:7 (Totius-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*